



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 14 bladsye.

PRAKTISE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e) 2014

VISUELE KUNSTE

1. VEREISTES: PAT-TAKE VIR VISUELE KUNSTE

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3
<p>Praktiese Assesseringstaak</p> <p>Onderwerp 1: Konzeptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk/e (50)</p> <p>Ten minste EEN of meer kunswerk/e moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.</p>	<p>Praktiese Assesseringstaak</p> <p>Onderwerp 1: Konzeptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk/e (50)</p> <p>Ten minste EEN of meer kunswerk/e moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.</p>	<p>Proefeksamen (Praktiese Taak) (voltooi aan begin van kwartaal)</p> <p>Onderwerp 1: Konzeptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk/e (50)</p> <p>Ten minste EEN of meer kunswerk/e moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.</p>

Die Visuele Kunste-PAT bestaan uit DRIE aparte take wat deur die jaar voltooi word. Elke taak **moet** beide Onderwerp 1: **Konzeptualisering** en Onderwerp 2: **Die maak van kreatiewe kunswerke** insluit. Punte moet aan beide **konzeptualisering** (Onderwerp 1) en **die maak van kreatiewe kunswerke** (Onderwerp 2) toegeken word.

2. BEPLANNING VIR PRAKTISE ASSESSERINGSTAKE

ONDERWERP 1: BRONBOEK

Informele en formele voorbereiding vir praktiese werk moet in 'n **bronboek/visuele dagboek wat spesiaal vir Visuele Kunste gebruik word, aangeteken word**. Hierdie bronboek is NIE 'n formele, netjiese notaboek nie, maar 'n ekspressiewe, persoonlike 'plakboek' van idees en prikkels wat die leerder se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Dit behoort vol, opwindend en 'n nuttige bron van idees en beelde vir gebruik in praktiese opdragte te wees. Leerders behoort al hulle konseptuele idees, beplanning, 'rond speel' en verkenningswerk, ensovoorts in hulle Visuele Kunste-bronboek te plaas.

Die bronboek gee insig oor die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het, en ander prosesse wat tot hulle finale werk gelei het. Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik weergee.

Die bronboek behoort die volgende in te sluit:

- Sketse en voorbereidingstekeninge. Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese opsies in Visuele Kunste.
- Visuele beelde, artikels, uittreksels, voorbeelde, foto's, ensovoorts wat deur die leerder versamel is.
- Voorwerpe (stukkies papier, verpakking, kaartjies, ensovoorts) wat die leerder interessant en stimulerend gevind het, of wat persoonlike betekenis het, of wat een of ander tyd nuttig sal wees vir 'n praktiese projek
- Krabbels, woorde, sketse, skryfwerk wat met die leerder se ondervindings en konteks verband hou.
- Navorsing en die studie van 'n wye verskeidenheid kunstenaars, asook voorbeelde wat praktiese werk mag verryk.

- Enigiets anders wat die leerder stimulerend en/of interessant mag vind en wat as 'n bron vir sy/haar praktiese werk kan dien.
- Ondersoek van verskillende tegnieke en materiale.
- Breinkaarte om idees te ontwikkel.
- Dokumentasie van enige proseswerk.
- Visuele navorsing, ondersoek en praktiese proseswerk.

ONDERWERP 2: DIE MAAK VAN KUNSWERKE

Gespesialiseerde praktiese opsies sluit in: teken, skilder, beeldhouwerk, drukwerk, multimedia, fotografie, keramiekwerk, installasies, nuwe media, ensovoorts. 'n Gespesialiseerde fokusveld word aanbeveel om vordering en ontwikkeling deur die jaar te verseker. Daar moet in gedagte gehou word dat die finale uitstalling 'n samehangende groep kunswerke moet verteenwoordig. In Graad 12 moet oop opdragte gegee word wat die leerders toelaat om materiale, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse te kies wat die beste by die uitdrukking van hulle individuele idees sal pas. Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir 'n kwartaal hoef nie net een finale werk te wees nie, maar kan 'n reeks verwante werke wees.

Om die projek op te stel, moet die onderwyser ...

- Die inhoud/vaardighede/kennis wat behandel gaan word, bepaal.
- Duidelike kriteria stel en goeie instruksies gee om die leerder te lei. (Die leerder moet presies weet wat om te doen en wat verwag word.)
- Die omvang hanteerbaar hou.
- Onthou om spesifieke riglyne in te sluit.
- Bepaal watter hulpbronne nodig sal wees om die projek te voltooi. Verseker dat leerders toegang tot hierdie hulpbronne sal hê.
- Geleentheid gee vir innovasie en kreatiwiteit.
- Die tyd/duur/sperdatum bepaal.
- Punte verspreiding bepaal en 'n assesseringsinstrument (rubriek) opstel.

Die formaat vir praktiese take in Graad 12:

- **Kwartaal 1:** Praktiese taak – Visuele Kunste (ten minste EEN of meer voltooide werke) – verskeie gespesialiseerde praktiese opsies (100 punte)
- **Kwartaal 2:** Praktiese taak – Visuele Kunste (ten minste EEN of meer voltooide werke) – verskeie gespesialiseerde praktiese opsies (100 punte)
- **Kwartaal 3:** Praktiese taak – Visuele Kunste (ten minste EEN of meer voltooide werke) – verskeie gespesialiseerde praktiese opsies (100 punte)
- **Kwartaal 4:** Uitstalling van ten minste DRIE voltooide kunswerke en bronboek van PAT'e wat gedurende kwartaal 1, 2 en 3 voltooi is. Die uitstalling behoort ook die beste werk van Graad 11 in te sluit, asook die Finale Praktiese eksamen. (Tensy die eksamenwerk voorgelê word aan 'n nasiensentrum, soos in sekere provinsies gebeur.)

3. BRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE PRAKTISE TAKE

Die volgende bronne, toerusting en fasilitete word voorgestel vir die implementering van die PAT:

ALGEMEEN

Bronne:

- Beskikbare bronboeke oor Visuele Kunste
- Ondersteuningsmateriaal waarna verwys word in Visuele Kunste-handboeke wat deur die Departement van Basiese Onderwys goedgekeur is
- Webwerwe (soos YouTube) vir inligting oor praktiese kunsprojekte
- Besoeke aan kunsuitstallings en praktiserende kunstenaars

Toerusting:

- Al die nodige toerusting wat in die praktiese spesialisering/s wat deur die skool gekies is, gebruik word.
- Toepaslike boeke, artikels, ensovoorts oor toerusting en tegnieke wat in Visuele Kunste gebruik word.
- Kamera om foto's te neem van die onvoltooide werk en van die voltooide kunswerke
- Sekuriteitstelsel en hekke wat kan sluit

Fasilitete:

- Groot, goed geventileerde klaskamer met krane en wasbakke, esels/tafels/boktafels (wat kan oplig)
- Die nodige gereedskap en toerusting
- Stoorkamer vir praktiese werk

LEERDER

Bronboek/Visuele Dagboek

Elke leerder moet 'n Bronboek/Visuele Dagboek hê om bewys te lewer van die voorbereidende werk wat gedoen is voor die maak van die kunswerk. Daar is geen spesifieke riglyne vir die grootte, formaat, uitleg en 'gevoel' van die bronboek nie. Die bronboek moet '*die storie*' van hoe die kunswerk beplan, ontwikkel en vervaardig is, vertel. Dit behoort deur tekeninge, geskrewe gedeeltes, navorsing en eksperimentering gedoen te word. Hierdie proses moet die individualiteit en kreatiwiteit van die leerder weerspieël.

Die bronboek moet in so wyse saamgestel word dat die onderwyser/moderator die volgende kan verstaan:

- Wat is as onderwerp vir die kunswerk gekies?
- Hoekom is dit gekies?
- Hoeveel beplanning is gedoen?
- Watter eksperimentering en navorsing is gedoen?
- Hoe het die leerder vir die praktiese werk voorberei?
- Probleme wat ondervind is en hoe dit oorkom is
- Wat was genotvol/opwindend/positief oor die praktiese werk?
- Wat het die leerder tydens die maak van die kunswerk geleer?

Praktiese werk

Toepaslike en aanvaarbare kunsmateriaal moet vir die spesifieke spesialiseringsopsie gekies word. Dit moet vir die leerder bekostigbaar wees.

Leerders moet 'n geskrewe opdrag ontvang wat hulle oor die volgende inlig:

- Die presiese doel of eindproduk wat vir die taak verwag word m.b.t. medium, grootte, ensovoorts. (Maak voorsiening vir innovering en persoonlike interpretasie.)
- Bronne beskikbaar vir verwysing/navorsing/ondersoeke/eksperimentering
- Assesseringsprosedures wat gevolg sal word/Kriteria wat gebruik gaan word.
- Presiese, nie-onderhandelbare sperdatums vir die inlewering van werk; kontrolepunte gedurende die proses.
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne vir die opdrag.
- Toepaslike mediums, tegnieke en/of benaderings vir die opdrag

ASSESSERING

Die leerder moet altyd bewus wees van wat die assesseringskriteria vir elke gegewe taak is. Dit stel die leerder in staat om presies te doen wat verlang word. Dit stel dus die leerder in staat om optimale punte te verwerf.

Wanneer die bronboek gedoen word, moet die leerder aan die volgende kriteria aandag gee:

KRITERIA	
Konsepontwikkeling	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering	15
Prosestekeninge	15
Aanbieding, geheelindruk	10
TOTAAL	50

Wanneer die kunswerk gemaak word, moet die leerder aan die volgende kriteria aandag gee:

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiale/tegnieke	10
Gebruik van formele kunsgetElemente	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	10
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	10
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL	100

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTISE WERK

Uitstaande	90–100	Buitengewone vermoë en rykheid, insiggewend, vlot, hoë vaardigheid, waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings Uitstaande en oorspronklike aanbieding
Uitstekend	80–89	Treffende impak, meeste van die bogenoemde, gedetailleerd, goed georganiseerd en samehangend, afgerond, vaardigheid duidelik, ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings, aanbieding oorspronklik en deurdag 'n Paar geringe foute sigbaar
Baie goed	70–79	Goed georganiseerd, soos hierbo, maar die 'sprankel' ontbreek'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud, ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings, duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding gedoen 'n Paar ooglopende teenstrydighede/tekortkominge
Goed	60–69	Interessante visuele aanbieding, duidelik bedoeling, oortuigend, eenvoudige direkte gebruik van medium, toon begrip, maar neig met tye na 'n alledaagse en stereotipiese reaksie, voldoende keuse van relevante visuele verwysings, redelike moeite is met aanbieding gedoen Steurende/Ooglopende teenstrydighede
Gemiddeld	50–59	Voldoende, voel meganies, afgelei of gekopieer, min insig, verbeeldingloos, 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie, billike aanbieding Baie steurende teenstrydighede
Onder-gemiddeld	40–49	Genoeg materiaal/werk om te slaag, nie logies saamgevat nie, 'n paar flitse van insig, beperkte keuses van inligting, swak tegniese vaardighede kan hiertoe bydra, min gebruik van visuele inligting, lomp of nalatige aanbieding Benodig ondersteuning/motivering om te slaag
Swak	30–39	Visueel oninteressant, onkreatief, beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik, min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied, min of geen visuele inligting/verwysings nie, algemene gebrek aan toewyding Benodig ondersteuning/motivering om te slaag
Baie swak Druip	20–29	Baie min inligting, onsamehangend, nie maklik om na te kyk nie, weinig of irrelevante werk/visuele inligting, geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie, algemene gebrek aan toewyding/samewerking Onaanvaarbaar
Onaanvaarbaar Druip	0–19	Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk , gebrek aan vaardighede, geen toewyding/samewerking Onaanvaarbaar

4. MODERERING VAN DIE FINALE PRAKTISE EKSAMEN

ALGEMEEN:

Die PAT'e vir die eerste twee kwartale en die praktiese proefeksamen in die derde kwartaal word deur die onderwyser van die vak opgestel. Dit sal eksterne gemodereer word aan die einde van die jaar saam met die finale eksamen. Interne moderering sal plaasvind in al die provinsies. Skole of provinsies moet hul eie klustervergaderings reël om die praktiese werk te modereer. Skole sal deur die provinsies ingelig word met betrekking tot die datum, tyd en plek vir die indiening van PAT'e en eksamenwerk vir eksterne moderering.

LET WEL: Die maksimum duur vir die hele praktiese eksamenproses sal op die nasionale Praktiese Vraestel 2 aangedui word. Provinsies sal al die reëlings tref nadat hulle die finale eksamenrooster van die nasionale Departement van Basiese Onderwys ontvang het. Dit sluit kommunikasie met onderwysers, die plek, die eksaminatore en enigiets anders wat in die bestuur van die praktiese eksamen vir graad 12 gedoen moet word, in.

Voorgestelde kriteria vir die Finale Praktiese Eksamen:

ONDERWERP 1: BRONBOEK

KRITERIA	
Konsepontwikkeling	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering	15
Prosestekeninge	15
Aanbieding, geheelindruk	10
TOTAAL	50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK/PRAKTIES

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiale/tegnieke	10
Gebruik van formele kunselemente	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	10
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	10
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL	100

Ten slotte aan alle leerders wat die vak Visuele Kuns neem:

- Wees kreatief en innoverend, geniet wat jy doen en streef altyd na 'n persoonlike interpretasie van 'n tema.
- Tyd is 'n faktor wanneer jy die praktiese werk doen, moet dit nie mors nie, ander gaan jy onvoltooide werk inhandig.
- Wees geïnspireer deur die teorie.

5. Visuele Kultuurstudies (Onderwerp 3)

Kies 'n minimum van SES temas (TWEE per kwartaal)

	TEMA	INHOUD	INTERNASIONALE INVLOEDE
		Benadering: selekteer spesifieke kunswerke van die verskillende kunstenaars/argitekte vir 'n indiepte-studie om die werking van hierdie kunswerke in die onderskeie gemeenskappe te illustreer. Kies 'n minimum van twee kunstenaars en twee werke vir elke tema. (Die voorgestelde lys is NIE verpligtend of volledig NIE – onderwysers mag hulle eie gepaste voorbeeld kies.)	Benadering: om 'n begrip van die dinamiese interafhanglike aard van kuns te skep. Die volgende is 'n paar moontlike voorstelle, maar onderwysers mag hulle eie relevante skakels maak.
1	Die stem van opkomende kunstenaars	<ul style="list-style-type: none"> • Gerard Bhengu • Pierneef • Hugo Naudé • Maggie Laubser • Peter Clarke • Gladys Mgudlandlu • George Pemba • Gerard Sekoto • Michel Zondi • Polystaat met kunstenaars soos Ephriant Ngatane, Durant Sihlali 	<ul style="list-style-type: none"> • Kuns uit Afrika • Impressionisme • Post-Impressionisme • Ekspressionisme • Ander Vroeë Moderne style
2	Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur Afrika en/of inheemse kunsforms beïnvloed is	<ul style="list-style-type: none"> • Irma Stern • Walter Battiss • Alexis Preller • Cecil Skotnes • Helen Sebidi • Sydney Kumalo • Eduardo Villa • Andries Botha • Walter Oltmann 	<ul style="list-style-type: none"> • San-rotskuns • Afrika-stamkuns • Ndebele-argitektuur en muurversierings • Duitse Ekspressionisme • Kubisme
3	Sosiopolitieke kuns – insluitend Weerstandskuns van die 70's en 80's	<ul style="list-style-type: none"> • Willie Bester • Norman Catherine • Sifiso Ka Mkame • William Kentridge • Manfred Zylla • Gavin Younge • Helen Sebidi • Paul Stopforth • Sue Williamson • Gemeenskapskuns-projek (CAP), Kaapstad • Asook muurskilderye, plakkate 	Enige spesifieke kunstenaars en/of kunswerke wat na politieke en/of sosiale ongeregtighede verwys: <ul style="list-style-type: none"> • Goya, David, Delacroix • Grosz, Dix, Beckman • Kollwitz • Mexikaanse Muurskilderykunstenaars – Rivera, Siqueiros, Orozco • Picasso Guernica • Leon Golub

	TEMA	INHOUD	INTERNASIONALE INVLOEDE
4	Kuns, kunsvalt en geestelike werke, hoofsaklik uit die Suid-Afrikaanse platteland	<ul style="list-style-type: none"> • Jackson Hlungwani • Noria Mabasa • Trevor Makhoba • Credo Mutwa • Bonnie Nthshalishali/Ardmore Studio • Rorke's Drift met kunstenaars soos John Muafangejo, Azaria Mbatha, Allina Ndebele ensovoorts • Nesta Nala • Rebecca Matibe • Reuben Ndawande 	<ul style="list-style-type: none"> • Afrika ritueelkuns en kunsprodukte • Ekspressionistiese drukkerswerk
5	Multimedia en Nuwe Media – alternatiewe hedendaagse en populêre kunsforms in Suid-Afrika	<ul style="list-style-type: none"> • Kendell Geers • William Kentridge • Jan van der Merwe • Clive van den Berg • Berni Searle • Kay Hassan • Robin Rhode • Willem Boshoff • Muurskilderye, plakkate, ensovoorts 	<ul style="list-style-type: none"> • Konseptuele Kuns • Installasies • Uitvoerende kuns • Digitale-kuns • Videokuns
6	Post-1994 demokratiese identiteit in Suid-Afrika (insluitend kwessies van taal, ras, globalisering, verstedeliking in die nuwe Suid-Afrika)	<ul style="list-style-type: none"> • Beezy Bailey • Berni Searle • Thembinkose Goniwe • Senzeni Mthethwa • Churchill Madikida • Conrad Botes • Anton Kannemeyer • Nontsikelelo Veleko • Hasan en Husain Essop • Zwelethu Mthethwa • Claudette Schreuders • Brett Murray • Wim Botha • Mustafa Maluka • Johannes Phokela • Marlene Dumas • Ook populêre kunsforms, byvoorbeeld Bitterkomix 	<ul style="list-style-type: none"> • Popkuns • Neo-Ekspressionisme • Hedendaagse globale kunstenaars

	TEMA	INHOUD	INTERNASIONALE INVLOEDE
7	Geslagskwessies: manlikheid en vroulikheid	<ul style="list-style-type: none"> • Jane Alexander • Penelope Siopsis • Faiza Galdhari • Langa Magwa • Lisa Brice • Nandipho Mntambo • Mary Sibande • Pierre Fouché • Nicholos Hlobo 	<ul style="list-style-type: none"> • Frida Kahlo • Georgia O'Keeffe • Feministiese Kuns in die VSA, byvoorbeeld Miriam Shapiro, Judy Chicago (Dinner Party) • Tracey Emin • Gilbert & George • Jenny Saville • Kiki Smith
8	Argitektuur in Suid-Afrika	<p>Uitstaande plaaslike voorbeeld van argitektuur Oorweeg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gedenkgeboue en monumente (byvoorbeeld die Voortrekkermonument 1948 – Afrikaner-nasionalisme) • Nasionale hedendaagse bekroonde Suid-Afrikaanse argitekte (Raadpleeg <i>10 years and 100 buildings Architecture in a Democratic South Africa</i>, ISBN 978-0-9814200-35) 	<p>Tendense in wêreldargitektuur byvoorbeeld</p> <ul style="list-style-type: none"> • Internasionale styl • High Tech • Postmodernisme • Dekonstruktivisme

- Die voorgeskrewe temas kan in enige logiese orde gedoen word.
- **Visuele geletterdheid** is onderliggend aan die studie van al die temas; daarom moet die studie van **spesifieke kunswerke** gebruik word om die geskiedkundige, politiese, sosiale en/of ekonomiese agtergrond van beskawings/style/bewegings van individuele kunstenaars, te verduidelik.
- Met die studie van kunswerke moet klem op die volgende geplaas word:
 - Visuele geletterdsheidsterminologie – hoe kuselemente help om betekenis en boodskap te kommunikeer
 - Materiale en tegnieke
 - Verskillende style, soos byvoorbeeld naturalisme, ekspressionisme, abstraksie, gestileerdheid, ensovoorts
 - Funksie van die werk
 - Kontekstuele faktore
 - Idees, betekenis en boodskap
- Skakels moet tussen internasionale en Suid-Afrikaanse kuns met betrekking tot invloede en ooreenkoms gemaak word, byvoorbeeld styl, tegniek, benadering, om kuns as 'n globale visuele kommunikasie te verstaan.
- Die klem op Visuele Geletterdheid maak dit 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem deur middel van vraagstelling, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite. Gebruik Visuele Geletterdheid om leerders se praktiese werk te versterk.
- Die klem moet op visuele beeldte wees om die interaksie tussen kuns en die gemeenskap uit te wys. Die vertoning van visuele beeldte in die vorm van skyfies, PowerPoint aanbiedings, fotostate, DVD's, ensovoorts is noodsaklik, en leerders moet aktief betrokke raak by hierdie beeldte in die klas.

- Leer en/of toetse kan uit die volgende bestaan:
 - Informele kort opstelle/refleksies (besinnings oor) en vrae met betrekking tot praktiese werk.
 - Leesstudies oor geselekteerde leerstukke en kommentaar deur kunstenaars/kunsgeskiedkundiges
 - Verva-vrae
 - Visuele begripstoetse van plaaslike kunswerke in galerye/versamelings
 - Toets van vaardighede en tegnieke
 - Bronboek-/Joernaalprojekte
 - "Teach-backs" (leerders gee self klas) en *PowerPoint*-aanbiedings.
 - Formele navorsingsopstelle
- Gee aan leerders baie geleenthede om oor kuns te skryf, hul skryfvaardighede te ontwikkel en kunsterminologie te gebruik. Hierdie skryfwerk hoef nie die vorm van lang navorsingsopstelle aan te neem nie, maar kan korter, meer gereelde take insluit (byvoorbeeld, skryf oor kunswerke by 'n uitstalling, 'n visuele analise van 'n ongesiene kunsvoorbeeld of -voorbeeld, leerders se eie voorbeeld om 'n kwessie of tema te illustreer, werksblaai, maak van flitskaarte, ensovoorts).
- Moedig leerders aan om kunsuitstellings en galerye te besoek, om daaroor te lees en resensies daaroor te versamel, om kunsboeke deur te blaai en te lees, en om navorsing op die Internet te doen.
- Leerders behoort vertroud te wees met konsepte relevant tot Suid-Afrikaanse kuns en dit kan toepas. Hulle moet 'n duidelike begrip hê vir die betekenis van terminologie soos: weerstandskuns, propagandakuns, toe-eiening, die afgeskeepte tradisie, ensovoorts.
- 'n Kritiese benadering tot die afdeling word aanbeveel. Leerders behoort bewus gemaak te word van problematiese terminologie, kwessies, vooroordele en partydigheid in verhouding tot die kuns wat hulle bestudeer.

LTS M – BRONVERWYSINGS

- Handboek goedgekeur deur Departement van Basiese Onderwys.
- Naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte soos Art South Africa en Art Times, foto's, *PowerPoint*-aanbiedinge, video's, ensovoorts om waardevolle onderrig en ondersteuningsmateriaal te bied.
- Besoeke aan kunsuitstellings. Gereelde, volgehoue besoeke aan kontemporêre uitstellings word sterk aanbeveel. Waar besoeke onmoontlik is (skole in landelike gebiede, ensovoorts), moet koerantresensies, ensovoorts gereeld geraadpleeg word. Daar word van leerders verwag om met ten minste een resente plaaslike uitstalling bekend te wees.

Die volgende boeke is waardevolle bronne oor die inhoud van Suid-Afrikaanse kuns:

- BEDFORD, E. 2004. *A Decade of Democracy South African Art 1994-2004: from the permanent collection of Iziko: SA National Gallery*. Cape Town: Double Storey Books
- BERMAN, E. 1993. *Painting in South Africa*. Halfway House: Southern Books
- COETZEE, E. *Craft Art in South Africa* ISBN Standard Edition 1-86872-768-8
- FUTURE MANAGERS: *Visual Arts Gr12 Learner's Guide*, Louw; Beukes; van Wyk
- FUTURE MANAGERS: *Visual Arts Gr12 Teacher's Guide*, Louw; Beukes; van Wyk
- GEERS, G. (ed.) 1997. *Contemporary South African Art: the Gencor Collection*. Jonathan Ball 1997
- HOBBS, P. & RANKIN E. 2003. *Rorke's Drift, Empowering prints*. Cape Town: Double Storey Books
- HOBBS, P. et al. 1999. *Printmaking Resource. Live Art series*. Johannesburg: MTN Art Institute.
- HUNTLEY, M. 1992. *Art in Outline 1: an introduction to South African Art*. Cape Town: Oxford
- HUNTLEY, M. 1994. *Art in Outline 2: from rock art to the late 18th century*. Cape Town: Oxford
- MILES, E. 1997. *Land & Lives: A story of early black artists*. Cape Town: Human & Rousseau
- MILES E. 2004. *Polly Street: The story of an Art Centre*. Ampersand Foundation
- SCOTT, G. 1998. *Ardmore: an African Discovery*. Vlaeberg: Fernwood Press,
- WILLIAMSON, S. & A. JAMAL 1996. *Art in South Africa: the future the present*. Cape Town: David Philip
- WILLIAMSON, S. 1989. *Resistance Art*. Cape Town: David Philip
- WILLIAMSON, S. 2009. *South African Art Now*. Harper Collins Publishers
- YOUNGE, G. 1988. *Art of the South African Townships*. London: Thames & Hudson
- 10 YEARS AND 100 BUILDINGS: *Architecture in a democratic South Africa* ISBN 978-0-9814200-3-5
- 10 YEARS 100 ARTISTS: Art in a democratic South Africa (Bell Roberts) ISBN 1770070893
- 150 SA PAINTINGS PAST AND PRESENT: Lucy Alexander & Evelyn Cohen (Struik) ISBN 0 947458 25 5
- ARCHITECTURE NOW: Philip Jodidio (Italy) ISBN 3-8228-6065-4
- AN INTRODUCTION TO AFRICAN ART - *Teachers resource book* – IBHABHATHANE PROJECT – Western Cape Education Department
- ART FROM THE AFRICAN CONTINENT – an African Art Resource. MTN Art Institute
- ART IN OUTLINE - 1 and 2 Merle Huntley (OUP) Thames & Hudson series
- HEAVEN'S THINGS: a story of the /Xam: Pippa Skotnes (UCT Press) ISBN 1-919713-41-7
- A HISTORY OF MODERN ART: Ed. H Arnason (Thames & Hudson) ISBN 0 50023106 0
- PICASSO AND AFRICA Eds. L Madeline & M Martin (Bell Roberts) ISBN 0 620 35721 5
- THE NEW WENDY COLMAN VISUAL CULTURE SERIES (All Copy Publishers)
- THE PRINCIPLES OF ARCHITECTURE: STYLE, STRUCTURE, DESIGN: Ed. Michael Foster (Mallard Press) ISBN 0-792-45190-2
- ZAHA HADID COMPLETE WORKS ISBN 978-0-8478-3301-6

Die volgende is 'n paar nuttige webtuistes vir Visuelekultuurstudies (baie meer kan gevind word deur soekenjins):

<http://www.cama.org.za/southafr/art.htm>
<http://www.sanlam.co.za/>
<http://library.thinkquest.org/18799/jale.html>
<http://www.mg.co.za/mg/art/fineart/archive/fineart-history.htm>
<http://www.artthrob.co.za/00sept/index.html>
<http://www.artslink.co.za/>
<http://www.artdaily.com>
<http://www.artdaily.com>
<http://www.britishmuseum.org>
<http://www.michaelstevenson.com/index.htm>
<http://www.metmuseum.org>
<http://www.arthistoryresources.net/artlinks.html>
<http://www.sahistory.org.za/pages/index/menu.htm>
<http://www.davidkrut.com>
<http://www.britishmuseum.org>
<http://www.googleartproject.com> ('n wonderlike interaktiewe blad)
<http://www.tate.org.uk/>
<http://www.moma.org/>
<http://www.theartstory.org/>
<http://www.guggenheim.org/>
<http://www.warhol.org/>
<http://www.museumsonline.co.za/>
<http://www.iziko.org.za/>
<http://www.arttimes.co.za/>
<http://www.art.co.za/>

Pinterest
Pictify

ASSESSERING

- Vraestelle moet met die Nasionale Graad 12 finale eksamenvraestel ooreenstem.
- Vrae moet ongesiene visuele beelde insluit om die leerder se visuele analisevaardighede te toets. Hierdie beelde moet met die leerders se tema van studieveld verband hou, byvoorbeeld tematies of stilisties, sowel as werke/bewegings/beskawings wat hulle bestudeer het.
- Vrae moet breed genoeg opgestel wees om leerders in staat te stel om hul kennis in 'n relevante manier te kies, hulle interpretasies en menings regverdig en/of probleme op te los deur middel van toegepaste kennis en kenniskonstruksie.
- Alle toetse en eksamens moet vir 'n reeks kognitiewe vlakke voorsiening maak en moet paragraaf-tipe vrae insluit.

Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

PRESTASIE-KODE	LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUURSTUDIES
7 Uitstekend 80–100%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politieke en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.
6 Verdienstelik 70–79%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon uitstekende insig en begrip.
5 Substansieel 60–69%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.
4 Gemiddeld 50–59%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer bedreve skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.
3 Bevredigend 40–49%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.
2 Elementêr 30–39%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.
1 Nie behaal nie 0–29%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analyseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. • Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon min of geen begrip of insig nie.